



TAALBELEID

AANGESIEN die Laerskool Hermanus 'n openbare skool is kragtens die bepalings van artikel 52 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) **EN AANGESIEN** die Beheerliggaam van die skool geregtig is, kragtens die bepalings van artikel 6(2) van die SASW om die taalbeleid van die skool te bepaal behoudens die Grondwet van die RSA en die SASW, **NOU DERHALWE** bepaal die Beheerliggaam van Laerskool Hermanus hiemee dat die taalbeleid van die skool sal wees soos hierna uiteengesit:

- 1 **DIE SKOOL EN BEHEERLIGGAAM SE BEGINSELS EN OORTUIGINGS RAKENDE TAAL IN DIE ONDERWYS**
 - 1.1 Behoorlike kommunikasie is onontbeerlik vir suksesvolle en sinvolle onderrig. Op sy beurt kan daar geen behoorlike kommunikasie wees nie tensy die opvoeder ten volle bedrewe en die leerder redelik bedrewe is in die taal van onderrig in die skool.
 - 1.2 Daar sal nie onregverdiglik teenoor enige leerder gediskrimineer word, direk of indirek, op grond van sy taal nie.
 - 1.3 'n Leerder sal toegelaat word (onderhewig aan die toelatingsbeleid van die skool), tot die skool indien die leerder Afrikaans Huistaal of English Home Language as onderrigtaal kies.
 - 1.4 Geen taaltoetse mag afgeneem word as voorvereiste vir toelating tot die skool nie. Met dien verstande dat die Skoolhoof geregtig is om 'n leerder toegang tot die skool te weier indien die Skoolhoof in goeie trou en op redelike gronde,

glo dat sodanige weiering in die beste belang van sowel die applikant/leerder, as die ander leerders sal wees weens die gebrek aan bedrewenheid van die applikant/leerder in die taal van onderrig van die skool.

- 1.5 Indien die Laerskool Hermanus nie onderrig in die leerder se taalkeuse aanbied nie, sodanige leerder na 'n aangewese skool in die omgewing te verwys. Indien nie beskikbaar nie, sal die saak na die Departementshoof verwys word.

2 VOERTAAL VAN DIE SKOOL (Nr 4 van Grondwet van Beheerliggaam)

- 2.1 Die voertaal van die skool is Afrikaans Eerste Taal en Engels Eerste Taal. Dit is 'n parallelmedium skool wat voorsiening maak vir Moedertaalonderrig aan Afrikaanssprekende en Engelssprekende leerders.

- 2.2 Die ouer van die leerder oefen namens die leerder die gemelde reg om die taal van onderrig te kies, uit. Hierdie keuse moet gemaak word by aansoek vir toelating van die leerder tot die skool.

3 MULTITALIGHEID

Multitaligheid of veeltaligheid word as volg bevorder by Laerskool Hermanus:

- 3.1 Indien 'n leerder en ouer se keuse van onderrig Afrikaans is, ontvang die leerder onderrig in alle vakke in Afrikaans Huistaal en neem dus Engels as Eerste Addisionele Taal. Assessering vind plaas in die taal van onderrig.
- 3.2 Indien 'n leerder en ouer se keuse van onderrig Engels is, ontvang die leerder onderrig in alle vakke in English Home Language en neem dus Afrikaans as Eerste Addisionele Taal. Assessering vind plaas in die taal van onderrig.
- 3.3 Skoolrooster maak voorsiening vir 10 formele Huistaal- en 10 formele Eerste Addisionele Taal-periodes per week.
- 3.4 Kommunikasie met ouers vind plaas deur middel van rapporte (kwartaalliks), nuusbriewe (kwartaalliks) en inligtingsbriewe (weekliks). Ouers en leerders

ontvang hierdie korrespondensie in hul taal van onderrig - dus Afrikaans of Engels.

- 3.5 Alle ander amptelike korrespondensie van die skool, bv voorgeskrewe tuiswerkboeke, prospektusse, jaarverslae, ens, is in Afrikaans en Engels beskikbaar.
- 3.6 Veeltaligheid word verder beklemtoon deur 'n balaans tydens saalbyeenkomste wat taal aan betref.
- 3.7 By voltooiing van Graad 7 moet elke leerder beskik oor bevredigende standaarde van bedrewenheid in ten minste twee van die amptelike tale.
- 3.8 Geleentheid word aan alle leerders gegee om deel te neem aan Taalolimpiades in hul huistaal en eerste addisionele taal.

4 **ALGEMEEN**

- 4.1 Die opvoedingsproses by Laerskool Hermanus is daarop gemik om 'n kultuur van respek vir ons land se diverse taalgemeenskappe te kweek.
- 4.2 Hierdie beleid sal van tyd tot tyd op 'n deurlopende basis deur die Beheerliggaam hersien en verder ontwikkel word.

(Hersiene beleid - Aanvaar deur BHL op 22 Julie 2024)



JG Giliomee
SKOOLHOOF



Dr D Du Toit
Voorsitter:
Beheerliggaam



LANGUAGE POLICY

WHEREAS, Hermanus Primary School is a public school in terms of section 52 of the South African Schools Act, 1996 (Act 84 of 1996) **AND SINCE** the Governing Body of the school is entitled, in terms of the provisions of section 6(2) of the SASW to determine the language policy of the school subject to the Constitution of the RSA and the SASA, **now the** Governing Body of Hermanus Primary School determines that the language policy of the school shall be as set out hereinafter:

1 THE SCHOOL AND GOVERNING BODY'S PRINCIPLES AND BELIEFS REGARDING LANGUAGE IN EDUCATION

- 1.1 Proper communication is indispensable for successful and meaningful teaching. In turn, there can be no proper communication unless the educator is fully proficient, and the learner is reasonably proficient in the language of instruction in the school.
- 1.2 Any learner will not be unfairly discriminated against, directly or indirectly, by virtue of its language.
- 1.3 'A learner will be admitted (subject to the admission policy of the school), to the school if the learner chooses English Home Language or Afrikaans Home Language as language of instruction.
- 1.4 No language tests may be taken as a prerequisite for admission to school. Provided that the Principal shall be entitled to 'deny a learner access to the school if the Principal is in good faith and on reasonable grounds,

believe that such refusal is in the best interests of both the applicant/learner, if the other learners will be due to the lack of proficiency of the applicant/learner in the language of instruction of the school.

- 1.5 If Hermanus Primary School does not offer instruction in the learner's choice of language, a referral will be made to a designated school in the area. If unavailable, the matter will be referred to the Head of Department.

2 LANGUAGES OF INSTRUCTION OF THE SCHOOL (No. 4 of Constitution of Governing Body)

- 2.1 The school's instruction language is English First Language and Afrikaans First Language. The school is a parallel medium school that provides Mother Tongue Education to English-speaking and Afrikaans-speaking learners.
- 2.2 The parent of the learner exercises on behalf of the learner the said right to exercise the said right select the language of instruction. This choice should be made when applying for admission of the learner to the school.

3 MULTILINGUALISM

Multilingualism is promoted at Hermanus Primary School as follows:

- 3.1 If a learner and parent's choice of teaching is English, the learners will then receive tuition in all subjects in English Home Language and therefore take Afrikaans as First Additional Language. Assessment takes place in the language of instruction.
- 3.2 If a learner and parent's choice of teaching is Afrikaans, the learners will then receive tuition in all subjects in Afrikaans Home Language and therefore take English as First Additional Language. Assessment takes place in the language of instruction.
- 3.3 School timetable provide for 10 formal Home Language and 10 formal First Additional Language periods per week.

- 3.4 Communication with parents takes place through report work (quarterly), newsletters (quarterly) and information letters (weekly). Parents and learners receive this correspondence in their language of instruction - thus English or Afrikaans.
- 3.5 All other official correspondence of the school, e.g. prescribed Homework books, prospectuses, annual reports, etc., will be available in English and Afrikaans.
- 3.6 Multilingualism is further emphasised by the equitable use of English and Afrikaans during hall assembly time.
- 3.7 On completion of Grade 7, every learner must have satisfactory levels of proficiency in at least two of the official languages.
- 3.8 Where possible, the opportunity is given to all learners to participate in Language Olympiads in their home language and first additional language.

4 **GENERALLY**

- 4.1 The educational process at Hermanus Primary School aims to foster a culture of respect for our country's diverse linguistic communities.
- 4.2 This policy will be updated from time to time on an ongoing basis and will be reviewed and further refined by the Governing Body.

(Revised policy - *Accepted by SGB on 28 January 2025)*



JG Giliomee
SKOOLHOOF



Dr D Du Toit
Chairman:
Governing Body